

Wat moet my noue kontakte doen?

- Hulle moet na hul naaste kliniek gaan vir ’n TB-toets.
- Hulle sal gevra word om sputum uit te hoes (goed wat uit die longe kom) sodat dit laboratorium toe gestuur kan word vir ’n TB-toets.
- Hulle sal dalk ook ’n X-straal van die borskas moet neem.

Wat as my noue kontak ook TB het?

As TB gediagnoseer is, moet hulle ook met TB-behandeling begin. As hulle dit reg neem, sal hulle genees word (nes jy)!

TB kan voorkom en genees word.



Wat is ’n noue kontak?

Dit is enigeen wat gereeld tyd met jou spandeer, byvoorbeeld:

- Woon in dieselfde huis
- Sosialiseer gereeld (besoeke, slaap oor)
- Deel gereeld vervoer
- Kollegas (as julle naby mekaar werk)
- Woon saam skool of klasse by en sit naby mekaar
- Mense saam met wie jy alkohol drink of dwelms gebruik



Skakel die hulplyn 0800 012 322 as jy raad oor TB of MIV nodig het.

Sif jouself nou vir TB:
Stuur ’n WhatsApp met die woord “TBcheck” na 0600 123 456 of skakel *134*832*5# (gratis diens)

Jou Provinsiale TB-instrumentbord:



Wat beteken dit vir my?

- TB word deur bakterieë veroorsaak en kan met medisyne behandel word.
- Die meeste mense met TB moet daaglikse behandeling vir 6 maande neem.
- Jy behoort beter te begin voel nadat jy met TB-behandeling begin het.
- Jy moet die volle TB-behandeling van 6 maande sodat die TB genees kan word.

Wat moet die mense weet wat naby my is?

- TB is baie algemeen.
- Enigeen kan TB kry.
- TB word in die lug versprei wanneer ’n persoon met TB hoes, nies, sing of praat.
- Sodra jy met TB-behandeling begin, as jy dit reg neem, verminder dit die bakterieë sodat jy nie meer ander mense kan aansteek nie.
- Nie almal wat TB het voel siek nie.
- Noue kontakte kan ook TB hê (en nie eens weet nie).

Western Cape Government
FOR YOU

TB PROOF
Combining stories and science to make the world TB Proof.

Wat as my noue kontak negatief toets vir TB?
Hulle kan TB-voorkomende behandeling (TPT) neem om te keer dat hulle TB kry.

Wat is TPT?
TPT is medikasie wat geneem word deur mense wat 'n risiko het om TB te kry om hulself te beskerm.

Hoe word TPT geneem?
Daar is verskeie tipes TPT
'n Persoon kan TPT neem:
Elke dag vir 6 maande (6H)
Of
Een keer 'n week vir 3 maande = 12 dosisse (3HP)

Praat met die verpleegkundige of dokter by die kliniek om uit te vind oor die verskillende TPT-opsies.



Hoe kan ek seker maak dat almal in die familie onthou om hul TPT te neem?
Jy kan 'n "familie-pilletyd" maak!
Almal neem hul TPT-medisyne op dieselfde tyd.
Die hele familie is beskerm!

Het medikasie wat gebruik word om TB te behandel of vir TPT gegee word newe-effekte?
Die meeste mense sal nie newe-effekte kry nie, maar as jy op enige manier nie lekker voel nie as jy TB-medisyne of TPT neem, gaan dadelik kliniek toe vir 'n ondersoek.

VOORKOM TB:
- Alle noue kontakte moet TPT neem nadat hulle vir TB getoets het.
- Maak die vensters soveel as moontlik oop – by die huis, skole en werkplekke, Vars lug en sonskyn sal die TB-bakterieë

Vir meer inligting, skandeer die QR-kode

THINK TB • KNOW TB • END TB

Type "TBcheck" in WhatsApp to **0600 123 456** or dial ***134*832*5#**

Scan QR for more information

0800 012 322

My kontakte kan vra:
hoekom moet ek TPT neem? Wat sê ek?
Sê vir hulle: "Hier is die redes om TPT te neem":



Sorg vir jouself



Sorg vir jou familie



Sorg vir jou gemeenskap



Sorg vir jou nasie

Saam kan ons almal
TB beëindig

As ons:
- Alle noue kontakte vir TB toets.
- Almal met TB opspoor en behandel.
- Noue kontakte met TPT beskerm.
- Mense wat voorheen TB gehad en het en mense wat met MIV leef, moet gereeld vir TB getoets word.